

(1961). Tydskrif vir Volkskunde  
en Volkstaal, 17(4): 7-10

Villiers (Die Huisgenoot, 15.3.1931). *Die Saga van Grettir, die Sterke*, vertaal uit Oud-Noors deur G. Dekker (Die Huisgenoot, 15.4.1932). *Deining*, C. M. van den Heever (Die Burger, 22.7.1932). 'n *Wiel binne-in 'n Wiel*, Miemic Louw-Theron (Die Huisgenoot, 27.12.1935). *Die Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied*, I. D. du Plessis (Die Huisgenoot, 28.2.1936). *Op Safari. Sangiro* (Ons Eie Boek, Jan.-Maart 1938). *Die Siel van die Mier*, Eugène Marais (Ons Eie Boek, Apr.-Jun. 1938). *Die Afrikaanse Volksgeloof*, Abel Coetzee (Ons Eie Boek, Apr.-Jun. 1938). *Maleise Liedereskat*, I. D. du Plessis (Ons Eie Boek, Des. 1939). *Leengoed*, Abel Coetzee (Ons Eie Boek, Sept. 1940). *Waarheen Vader*, Abel Coetzee (Die Volksblad, 27.3.1941). *Tokkelossie*, Abel Coetzee (Die Brandwag, 19.6.1942). *Die Verhaalskat van Ons Klyntji*, Abel Coetzee (Die Brandwag, 4.9.1942). *Donker Spore*, C. J. Langenhoven (Ons Eie Boek, Des. 1942).

Literatuur: „Dr. Stephanus Johannes du Toit” in *Hier is Ons Skrywers*, P. J. Nienaber (Johannesburg, 1949).

## RIELE EN HOTTENTOTSRIELE

Deur S. J. du Toit

In die dae voor die Tweede Vryheidsoorlog het die mense nog die wals, die polka, die mazurka, die seties (Duits Schottisch(e)), die kontiljons (Frans *cottillon*), die katriel (*quadrille*) en ook die riel gedans. Die feit is algemeen bekend en word ook in die bladsye van *Ons Klyntji* geboekstaaf. Die wals het ons nog 'n hele end die twintigste eeu ingedans; maar die ander, hierbo genoem, het ek na die Oorlog slegs een keer weer sien uitvoer. Dit was 'n vastrap (sheepskin) een Nuwejaarsdag op Poplar Grove in die O.V.S. so 'n stuk of wat jare na die vrede. 'n Jong paar het die danse een na die ander deurgeloop, seker van hulle ouers geleer. Die res van ons, almal jonges, het hulle verwonderd staan en aangaap. Die oorlog het klaarblyklik dié danse „gelikwideer”.

Die riel (Engels *reel*) het as woord blykbaar dieper wortel in die Afrikaanse Taal geskiet as die meeste van die ander ou danse, met die uitsondering van die *wals* miskien. Die musiek wat in die woord lê, en sy assosiasies, het hom laat voorteggo uit die ou verlede. Hy het 'n soort huiswoord geword. Ek merk op hoe digters en skrywers hom graag gebruik. Dit was C. M. van den Heever wat gedig het van die kruispad „waar die duivel snags sy riele dans”. Ignaas Mocke het dit oor die riel wat saam met die Lambeth Walk *gedraai* word; hy laat hom ook *trap*: „want môre-aand trap ons die riel”. 'n Mens gryp maar so hier en daar onder die digters. Die prosaskrywers is kwistiger . . . ek hou op met aanhaal. Vermelding verdien egter dat „riel” ook sy plek verower het in die figuurlike taal (daar is die bruin rante waar die hitte rieleltjies dans) en in die spreekwoord (jy moet die riel dans wat hy fluit, d.w.s. na sy pype dans).

Die riel word beskryf as 'n Ierse en Skotse dans, deur twee dansers gedans, of deur meer pare wat in 'n kring staan en 'n reeks dansfigure uitvoer, elk in agtmaat tyd. „Scotch” of Scottish reel” word dit soms naas enkel „reel” in Engels genoem; in Holland was die naam „de Schotse dree”. Afrikaanse het ook geskep die samestelling „rieldans”, as selfstandige naamwoord en ook wel verbaal.

Ek kan nie meer goed onthou hoe vanmelewe se mense die riel gedans het nie, maar dit sal maar gewees het soos hierbo beskrywe. Die danskring en die dansfigure het die naam waarskynlik oorgedra op die dans van die Hottentotte met sy kring waarin en waarbinne die een dans (figuur) op die

ander volg. So kry ons dan die *Hottentots- of Hotnotsriel*. „Die een riel” — laat ons voorlopig sê, dansfiguur — „volg die ander met meesterlike snelheid op”, sê Von Wielligh waar hy in *Jakob Platjie* so ’n dansery skilder; die „deurtrap”, die „askoek” noem hy as twee van hierdie figure dan. Dit is duidelik hoe die geheel uit dele bestaan het, danse binne ’n dans, net soos die dansfigure binne die Skotse „reel”.

Ek het vroeër ’n aantal van hierdie danse bespreek (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Februarie 1954) en daar gegewens meegedeel omtrent ’n Hottentotsdans by rietmusiek in Groot-Namakwaland, deur die reisiger James Edward Alexander ergens tussen 1836 en 1837 bygewoon. As ’n mens die ou geskrifte sedert 1652 in Suid-Afrika sou afsoek, sal jy bepaald op nog ’n hele aantal sulke beskrywings afkom. Een van die oudstes sal dan seker wees dié wat die dans beskryf in die dagboek of joernaal by die tog van goewerneur (toe nog kommandeur) Simon van der Stel in 1685-6 na die koperberge in Klein-Namakwaland (Dagh Register gehouden op de voiage gedoen naer de Amacqua(s) Land onder ’t beleydt van den E. Heer Symon van der Stel Commandeur van Caap de Goede Hoop). Ek gee dit hier soos meegedeel, met haar aanmerkings, deur dr. Elizabeth Conradie op bl. 39 in deel I van *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*.

Sy skryf: „Vir diegene wat ’n Hottentots-riel gesien dans het, . . . sal hierdie gedeelte uit die joernaal die interessantste wees. Uit lang hol riete weet elke speler ’n besondere toon te lok, en die gesamentlike geluid klink vir die joernaalhouer soos, een groote en swaere galm als by ’t geluid van een orgel”. . . Onvergeetlik moes die indruk van die dans op die gehoor gewees het: „Zy stonden alle in ’t rond, zynde wel 20 in getal, en in ’t midden van hen een, hebbende in de hand een lang dun stokje. Deze zong voor en sloeg de maat, op ’t welke zy alleen net wisten te spelen. Zy sprongen in ’t rond, hebbende de ene hand aan ’t oor, en met die andere houden zy ’t riet aan den mond. Rondom deze speellieden waren mannen en vrouwen, de welke op dit geluid danzen, vermeerderende het zelve met in de handen te klappen, ’t welk zeer ordentlyk, naar dat zy wilde menschen zyn, toeging”.

Uit die beskrywing deur Alexander, reeds genoem, verneem ons ook van die stamp met die voete by so ’n dans, van die sang en van die grotteske draaibewegings van die liggame by die dansers. Uit dieselfde tyd (vroeë 19de eeu) dateer waarskynlik ook die gegewens omtrent sulke danse by die Griekwas en Korannas, soos meegedeel aan J. F. Jacobs (Die Griekwas en hulle Bure, p. 15-16). Ook hulle praat van die indrukwekkendheid daarvan: „Ou mense,” skryf Jacobs, „wat sulke Grikwa-Koranna-danse betrag het, het aan die skrywer meegedeel dat die blanke by die aanvang van die vrolikheid die dankuns van dié ou nasie as onsin bestempel het, maar hoe later dit word, hoe aangrypende word die uitvoering. ’n Mens word as ’t ware betower deur die ritmiese voetegetrappel en die eentonige sang. Daar is ou mense wat meen dat dié ou nasies se dankuns die skoonste is van almal wat hulle die voorreg gehad het om te aanskou.”

Daar het natuurlik geleidelike wysiging ingetree in die ou Hottentotsdans soos die ou mense dit aanskou of die ou reisigers dit beskryf het. Die Hottentot het per slot van rekening, hier meer en daar minder, Kleurling

geword en sy taal Afrikaans. Neem byvoorbeeld die naam van die dans. ’n Ou Hottentotse benaming soos gheisa kom nog voor, min of meer relikes-gewys, maar die algemeen aanvaarde benaming word Hottentotsriel, ’n naam wat, sou ek sê, seker eers in die later 19de eeu ergens moet ontstaan het, toe die blankes die Skotse reel begin dans het, en die naam van hulle riel na die dans van die „Hotnots” oorgedra het, (Hotno(t)sriel. Dan is daar die musiek. By die Hottentotsriel, soos die latere negentiende-eeuers (Von Wielligh, die segsmanne van Jacobs, ens.) hom geken het, was die rietfluit reeds lang vervang deur Maleise en witmensmusiekinstrumente, die snaarmusiek van die ramkie, die ghitaar, die viool, en die slepende geluid van die konsertina; Von Wielligh noem hulle. Die liedjies daarby is ook Afrikaans; Von Wielligh noem ’n aantal. Wat egter die oorspronklike karakter behou het, is die vorm en inhoud van die dans self, soos duidelik blyk uit wat Von Wielligh vertel. Ek lig die stukkie hier so uit sy verhaal. „Toe kon jy hoor voetklap en trippel, steun en kreun, uitroep en roggel.” „Hulle kan werklik nie ratser wees met hulle hande as met hulle voete nie.” „Idries spring in die lug, klop met sy twee voete askoek af, terwyl Platjie op ’n plek boor en so af en toe met die hak op die grond slaan, anders boor hy dalkies ’n gat dwarsdeur die aarde.” „Idries skoffel nog flink, hy druk op die grond en gaan soms op sy sy lê, nes ’n hoender wat in die slot tel gee ’n druk op die hand en dan trippel hy weer.”

„Die Hotno(t)sriel,” skryf iemand uit ons tyd aan *Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, „is ’n dans wat die Hottentotte een een uitgevoer het. Dit bestaan uit ’n galop-trippel op die punte van die tone met begeleiding van lekkerkry-steungeluidjies en ’n askoek-slancery (’n voete-teenmeekarslancery) tussenin.” ’n Ander skryf: „Die Hotnotsriel is ’n dans algemeen bekend o.a. onder die Kleurlinge in die Ceresdistrik. Dit word uitgevoer op die maat van ’n vinnige, eenvoudige deuntjie (gewoonlik op die kitaar, maar soms ook op die konsertina). Die kenmerkende van die dans is ’n ratse geskuiel-skoffel van die voete op die grond, afgewissel met harde trappe veral met die hakskene, en ’n gebewe van die bene, geskud van die agterlyf, en die slaan van die askoek (die teenmeekarslaan van die voete met spring-beweging of deur met die een hand op die grond te druk). Gewoonlik gaan die dans gepaard met lustige kreunery en steunery en uitroepe („Swêr-kater se kind! Létjie!” e.s.m.). Uit die aard van die bewegings is dit onmoontlik om in pare te dans.” Ook Jacobs beaam die aard van die sang en musiek: „’n Eentonige liedjie is aangehef — net so eentonig as die deuntjie wat uit die viool getower is.”

Die minniek het blykbaar ’n belangrike rol gespeel; ’n skoendlapper is nagedoen, deel iemand mee, ’n koggelmander op ’n klip blykbaar ook, ’n hoender wat bad in die sand, en seker nog ander diere.

Die dans in sy oorspronklike vorm, by die rietpype nog, sal heel waarskynlik ’n rituele betekenis gehad het. Ons weet dit was die geval met die gheisa, wat miskien ’n ou Hottentotse naam was vir die dans wat die witman Hotnotsriel gedoop het, ’n godsdienstige dans, die gheisa, „ter bevordering van die groeikrag van die veld en sukses van die jag.”

Dit wat die dans betref. Wat omtrent die woord? Ek sou sê uit alles blyk dat „Hottentotsriël”, as woord beskou, in die eerste plek die dans as geheel aandui. 'n Sekondêre betekenis het, ietwat abusiewelik, ontstaan wat die woord Hottentotsriël ook elk van die verskillende onderdele van die dans laat aandui, sodat daar, leksikografies beskou, vandag Hottentotsriële binne 'n Hottentotsriël kan voorkom. Die woord het reeds betekenisuitbreiding ondergaan.

Stellenbosch,

10 Junie 1961.

## TSHEKEDI EN SERETSE KHAMA

'n Volksverhaal van die Betsjoeanas

*Deur P. D. Swart*

Hierdie volksverhaal waarin die twee Khama's optree is aan ons vertel op die 15de Julie 1961. Die verteller is 'n Betsjoeana, lid van die Barolongstam, woonagtig in die Marico-distrik. Sy naam is Seraje Mothibe:

Seretse het aan Tshekedi gesê: „Hierdie wit vrou is my vrou. Ek het met haar getrou.”

Toe sê Tshekedi: „Nee, hoe kan jy met 'n wit vrou trou. Dis nie goed nie.”

„Ja, ek trou met hierdie wit vrou. Ek het klaar met haar getrou.”

„As jy met 'n wit vrou trou kan jy nie die kaptein van die Bamangwato wees nie! Jy kan nie by ons bly en ons kaptein wees nie,” antwoord Tshekedi.

„Hierdie grond was my pa se grond. Ek sal sien waar ek gaan bly met die vrou wat ek getrou het.”

„Nee, kom ons maak so,” sê Tshekedi. „More vroeg stuur ons al die vrouens van die stat met die kleipotte om te gaan water haal.”

„Ja dis goed,” sê Seretse.

Vroeg die volgende more gaan al die vrouens uit die stat met die kleipotte op hulle koppe om te gaan water haal. Saam met hulle stap die wit vrou, Ruta. Ook Tshekedi se vrou stap saam.

„Ons sal sien as hulle terugkom of sy die kleipot water bring soos die ander vrouens.” Dis Tshekedi wat praat.

Toe keer die vrouens terug en die vrou van Seretse dra haar kleipot net soos die ander vrouens.

Maar Tshekedi is nie tevrede nie. „Nee,” sê hy, „hierdie ding is sleg. Jy het 'n witmens hier ingebring, nou sal die witmense ons grond kom vat. As jy die vrou nie laat staan nie, moet jy die kapteinskap laat staan.”

„As ek dit laat staan wie sal kaptein word op die grond van my vaders en voorvaders?”

„Ek wil hê jy moet met een van ons trou, 'n swart vrou soos myne.” Maar Seretse weier. Hy keer net vir sy wit vrou.

Tshekedi word ongeduldig. Hy praat hard. „Ek het jou soos 'n vader opgepas! Ek het jou skool toe gestuur in Engeland en nou wil jy nie vir my luister nie. Jy wil nie luister na wat ek vir jou sê nie!”